

HOOFSTUK 1

Probleemstelling, Navorsingvrae en Navorsingsdoelwitte

1.1 Probleemstelling, Konteks en Motivering

Sedert die nuwe demokratiese bedeling in 1994 was een van die grootste uitdagings in Suid-Afrika die groot aantal ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde onderwysers in die Departement van Onderwys. In 1994 was daar 85 000 onderwysers wat as ongekwalifiseerd of ondergekwalifiseerd geïdentifiseer is, en in 2004 was daar steeds 20 000 ongekwalifiseerde onderwysers in die onderwysstelsel (2004 aanlyn). Aangesien hierdie ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde persone reeds praktiseer as onderwysers, en meestal in landelike gebiede by skole werksaam is (Pandor, 2004 aanlyn; Van Zyl & Spamer, 2010), is afstandsonderwys die mees praktiese wyse om hulle te bereik vir professionele ontwikkeling en ook die verbetering van hulle kwalifikasies. Dit is finansiële en demografies onmoontlik om al hierdie ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde onderwysstudente voltyds by universiteite te laat studeer.

Die Universiteit van Suid-Afrika (UNISA) was lank die enigste geakkrediteerde universiteit wat afstandsonderwys in Suid-Afrika kon aanbied. Ander universiteite, naamlik die Universiteit van Pretoria (UP), die Universiteit van die Vrystaat (UV), die Universiteit Port Elizabeth (nou Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit) en die Noordwes-Universiteit (NWU) het die groot leemte met betrekking tot onderwysers se kwalifikasies raakgesien, en derhalwe betrokke geraak by die opgradering van onderwysers se onderwyskwalifikasies deur middel van afstandsonderwys (Van Zyl & Spamer, 2010).

As gevolg van die behoefte aan voldoende gekwalifiseerde onderwysers het die Skool vir Voorgesette Onderwysersopleiding (SVO) in 2004 aan die Noordwes-Universiteit tot stand gekom om 'n konstruktiewe bydrae tot die verbetering van onderwys in Suid-Afrika te lewer deur middel van gehalte-indiensopleiding van ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde onderwysers in alle provinsies van Suid-Afrika. Sedert 2005, volg die SVO 'n oop afstandslereer (OAL-) metode van aanbidding wat aan studente die geleentheid bied om enige

tyd in te skryf vir 'n kwalifikasie en waar hulle op verskillende geografiese plekke in Suid-Afrika en Namibië met hulle studies kan begin, sonder om hulle loopbane te onderbreek of die skool waar hulle onderrig te verlaat.

'n Kernbelangrike komponent van die aanbiedingswyse vir oop afstandsl eer wat die SVO volg, is geskeduleerde, ondersteunende kontakklasse en vakansieskole aan studente op spesifieke tye van die jaar, meestal oor naweke of wanneer die onderwysers met skoolvakansies is om hulle die geleentheid te bied om kontakklasse buite die verpligtinge van hulle skoolrooster by te woon. Studente woon die kontakgeleentheid vrywillig by en bywoning is dus nie verpligtend nie.

Die beplanning, organisering en volhoubare aanbieding van gereelde kontakgeleentheid tussen dosente/fasiliteerders en studente op nasionale vlak (en in Namibië) maak 'n kardinale deel van die onderrig-leerbenadering vir oop afstandsl eer by die SVO uit. Die SVO-bestuur moet toesien dat dosente volgens 'n geskeduleerde rooster na studiesentrums reis om fasiliteerders en koördineerders op te lei en te evalueer. Fasiliteerders bied kontakklasse in agt provinsies onder toesig van sentrumkoördineerders aan, terwyl die SVO-dosente kontakklasse in die Noordwes-Provinsie aanbied. Die daarstel, implementering en kontrole van kontakklasse is dus 'n kernaspek wat verreikende implikasies vir die bestuur van 'n oop afstandsl eereenheid aan die Noordwes-Universiteit inhou. Die bedryf van die SVO is tans geskoei op 'n bestuursmodel wat deel van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe uitmaak, terwyl die strategiese visie van die NWU 'n onafhanklike eenheid vir oop afstandsl eer voorsien wat uiteraard 'n nuwe en doelmatige bestuursmodel verg.

Nieteenstaande die belangrikheid van die aanbieding van kontakgeleentheid bestaan daar tans geen navorsing oor die effek wat kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van studente het wat die OAL-aanbiedingswyse aan die SVO volg nie. Hierdie aspek blyk 'n belangrike veranderlike te wees vir die effektiewe bestuur van oop afstandsl eer as metode van aflewering. Die SVO-bestuur is ook onseker oor die gereedheid van afstandsl eerstudente in Suid-Afrika om van e-leer gebruik te maak as 'n essensiële komponent van 'n OAL-aanbiedingswyse en moontlike plaasvervanger vir sommige kontakklasse, aangesien reiskoste, die huur van fasiliteite, en fasiliteerders asook koördineerders se salarisse etlike miljoene rande per jaar beloop. Sonder inligting aangaande hierdie kernaspekte van onderrig-leer kan die SVO nie ingeligte bestuursbesluite met betrekking tot die aanbied van kontakklasse en die implementering van e-leer neem nie. Die aspekte van kontakklasse en e-

leer is, in samehang met die literatuurstudie oor nasionale en internasionale OAL-modelle, dus van kardinale belang om 'n toepaslike bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die Noordwes-Universiteit te ontwikkel.

Waar die Noordwes-Universiteit in die verlede hoofsaaklik betrokke by voltydse kontakonderrig aan opkampusstudente was, is een van die Universiteit se strategiese prioriteite om die komponent van afstandsonderwys uit te brei. Die NWU bedryf tans hoofsaaklik 'n enkelmodus van aflewering, maar is in die proses om 'n volwaardige dubbelmodus van aflewering te ondersoek. Die strategiese prioriteit noodsaak 'n situasiespesifieke bestuursmodel wat van toepassing is op die unieke omstandighede vir die aanbied van oop afstandsl eer aan 'n onafhanklike eenheid van die NWU. Die daarstel van 'n nuwe bestuursmodel vereis egter 'n wetenskaplik begronde ondersoek om die moontlike katastrofes en negatiewe implikasies van 'n probeer-en-fouteer-bestuursmodel uit te skakel.

Hierdie studie konsentreer veral op die volgende oop afstandsl eerkomponente: bestuursmodelle en -strukture, kontakklasse en elektroniese leer (e-leer) met die doel om 'n toepaslike bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die Noordwes-Universiteit te ontwikkel.

1.2. Oorsig van relevante literatuur

1.2.1 'n Historiese oorsig oor afstandsonderwys

Volgens Schlosser en Simonson (2002) bestaan afstandsonderwys al langer as 180 jaar. In 1833 het 'n advertensie in 'n Sweedse koerant die geleentheid aangekondig om *Komposisie deur middel van pos as 'n medium te studeer* (L. A. Schlosser & Simonson, 2002). In 1840 het die *Penny Post* in Engeland Isaac Pitman versoek om snelskrif deur korrespondensie te onderrig (Holmberg, 1986). Drie jaar later is opleiding geformaliseer deur die stigting van die *Phonographic Correspondence Society*, die voorloper van *Sir Isaac Pitman's Correspondence Colleges*.

Charles Toussaint en Gustav Lagenscheidt het afstandsonderwys in Duitsland gevestig wat tale deur middel van korrespondensiekursusse aangebied het (B. L. Watkins, 1991). Korrespondensiekursusse het die Atlantiese Oseaan in 1873 oorgesteek toe Anna Eliot Ticknor 'n Bostonse vereniging gestig het wat tuisstudies aan mense gelewer het. Die *Society to Encourage Studies at Home* het oor 'n tydperk van 24 jaar 10 000 studente opgelei (B. L.

Watkins, 1991). Studente wat die betrokke kurrikulum gevolg het (meestal vrouens), het gereeld deur middel van pos met hulle leerkrigte gekorrespondeer wat vir hulle gereelde toetse en begeleidende leesstof aangebied het. Vanaf 1883 tot 1891 het die staat van New York grade aan studente wat die somerinstellings en korrespondensiekursusse bygewoon het, bekragtig deur middel van die *Chatauqua College of Liberal Arts* (B. L. Watkins, 1991).

In 1891 het Thomas Forster, redakteur van die *Mining Herald*, 'n dagblad in Oos-Pennsilvanië, begin om 'n korrespondensiekursus in mynwese en die voorkoming van mynongelukke aan te bied. Sy korrespondensiekursus het ontwikkel tot die *International Correspondence School*, wat in die eerste twee dekades van die 20ste eeu van 225,000 in 1900, tot meer as twee miljoen studente in 1920 “ontplof” het (Rose, 1991; L. A. Schlosser & Simonson, 2002). In die 1920s het afstandsonderwys begin om die sekondêre skoolkurrikulum in die Verenigde State van Amerika (VSA) te verryk. In 1929 het die Nebraska Universiteit (Nebraska, VSA) begin eksperimenteer met korrespondensiekursusse by hoërskole.

Deur die jare het korrespondensiekursusse ontwikkel tot volskaalse professionele opleidingprogramme, insluitende die verwerwing van grade, meestersgrade en doktorsgrade deur middel van afstandsl eer. Die Illinois Wesleyan Universiteit in die VSA het reeds so vroeg as 1881 baccalaureusgrade, meesters- en doktorsgrade aangebied as deel van 'n afkampusprogram wat op die Oxford-Cambridge-Londenmodel geskoei was (L. A. Schlosser & Simonson, 2002). Kyk ook par. 2.3 vir 'n volledige historiese oorsig oor die ontwikkeling van afstandsonderwys.

Die *United Nations Educational Scientific and Cultural Organization (UNESCO)* (2002) beskryf die ontwikkeling van afstandsonderwys in vier fases:

Fase A: Korrespondensiestelsels gebaseer op geskrewe en gedrukte dokumente, dikwels vergesel van oudiovisuele materiaal wat deur posstelsels gestuur is.

Fase B: Opvoedkundige televisie- en radiostelsels wat 'n verskeidenheid van innoverende tegnologie gebruik vir onderrig- en leerkommunikasie, bv. landlyn-, satelliet- en kabeltelevisie en die uitsaai van direkte of voorbereide lesings aan individuele tuisgebaseerde studente of studentegroepe in afgeleë klaskamers.

Fase C: Multimediasistelsels wat teks, oudio, video en rekenaargebaseerde materiaal insluit, en 'n mate van persoonlike kontak aan groepe en individue. Spesialisspanne is betrokke by die aanbied en verspreiding van programme aan 'n groot aantal studente wat dikwels oor 'n hele land versprei is.

Fase D: Internetgebaseerde sistelsels waardeur multimediamateriaal (teks, video en grafika) in elektroniese formaat deur middel van rekenaars aan individue gelewer word, asook toegang tot databasisse en elektroniese inligtingstelsels (biblioteke). Hierdie fase skep ook ruimte vir kontakklasse en vakansieskole waartydens dosente en fasiliteerders studente ondersteun en studieleiding verskaf.

Die ontwikkelingsfases, soos deur UNESCO geïdentifiseer, is as raamwerk vir hierdie studie van belang om die ontwikkeling van die aanbieding en bestuur van afstandsonderwys aan die Noordwes-Universiteit in perspektief te plaas.

1.2.2 Afstandsonderwys en oop afstandslereer

Volgens Keegan (1996), Perraton (1988) en Rumble (1989) is afstandsonderwys 'n unieke opvoedkundige proses waar die dosent of fasiliteerder in afstand en/of tyd van die studente verwyder is. Afstandsonderwys vind plaas sonder voortdurende en onmiddellike toesig van dosente/fasiliteerders in bepaalde lokale, terwyl studente steeds baat vind by die onderrig soos verskaf deur 'n gestruktureerde organisasie of eenheid wat fisies en in tyd van hulle verwyder is (Holmberg, 1986). Delling (1987) definieer afstandsonderwys as 'n beplande en sistematiese aktiwiteit wat insluit die keuse, didaktiese voorbereiding en aanbieding van onderrigmateriaal, sowel as die toesig oor en ondersteuning van studente, wat bereik word deur die oorbrugging van die fisiese afstand tussen dosent en student deur middel van ten minste een geskikte tegnologiese medium.

Voorgaande begripsomskrywings van Holmberg (1986) en Delling (1987), met die klem op "*beplande en sistematiese*" handeling en "*'n gestruktureerde organisasie*", impliseer 'n bepaalde bestuursmodel wat toepaslike bedryfs- en besigheidsaspekte behels om die unieke uitdagings van afstandsonderwys die hoof te bied. Afstandsonderwys kan samevattend omskryf word as waar die lede van studentegroepe van mekaar verwyder is en waar interaktiewe kommunikasiesistelsels as deel van 'n situasiespesifieke bestuursmodel benut word om wedersydse kontak of verbinding te bewerkstellig tussen bestuur, studente, hulpmiddels

en dosente/fasiliteerders (L. A. Schlosser & Simonson, 2002). Kyk ook par. 2.2.1 vir 'n omskrywing van afstandsonderwys soos dit in hierdie studie gebruik word.

Die volgende komponente word dus as belangrik beskou: 'n bestuursmodel, dosente/fasiliteerders, studente, 'n kurrikulum wat “oor afstand” onderrig word en wat die student bestudeer (leer), asook 'n kontrak, eksplisiet of implisiet, tussen dosent en student om bepaalde doelwitte te bereik en wat die verantwoordelikhede van die dosent en student uiteensit. Die bestuursmodel van 'n instansie wat afstandsonderwys aanbied, moet van so aard wees dat studente gehalteonderrig en studiebegeleiding op 'n koste-effektiewe wyse ontvang om sodoende te kan voldoen aan die unieke omstandighede en eise van afstandsonderwys.

Peters beklemtoon reeds in 1988 die toenemende rol van tegnologie in afstandsonderwys. Hy beskryf afstandsonderwys as 'n metode om kennis, vaardighede en gesindhede oor te dra aan studente wat ondersteun word deur toepaslike leertegnologie. Groot getalle studente kan volgens Peters (1988) gelyktydig met behulp van media onderrig word, al is hul geografies van mekaar geskei. Hierdie aspek is veral van belang vir die bepaling van die aard en aantal kontakssessies as deel van 'n bestuursmodel vir afstandsonderwys. In hierdie verband moedig Garrison en Shale (1987), Keegan (1996) en Moore (1994) die gebruik van elektroniese, oudiovisuele en meganiese media aan om kommunikasie tussen student en dosent te ondersteun en te fasiliteer. Effektiewe tweerigting-kommunikasie is essensieel in afstandsonderwys (Rumble, 1989). Die internet maak vinnige en doeltreffende kommunikasie wêreldwyd moontlik (Ackermann, 2005), terwyl mobiele leer (m-leer) toenemend in ontwikkelende lande aangewend word vir onderrig-leer (Ally, 2009; Turtiainen, Blignaut, Els, Laine, & Sutinen, 2009). Die gereedheid van die studente vir die toepassing van e-leer is derhalwe ook deel van die navorsing (kyk navorsingsdoelwit 5 par. 1.3).

Teenoor die term afstandsonderwys wat vroeër gebruik is, word die term oop afstandsleer (*open distance learning*) deur Edwards (1995) en Picciano (2000) gebruik om 'n nuwe benadering tot onderrig in 'n vinnig veranderende diverse wêreld te beskryf (kyk ook par. 2.2.2). Hulle argumenteer dat *afstandsonderwys* en *oop afstandsleer* (OAL) twee uiteenlopende benaderings tot onderrig is. Afstandsonderwys bied geleentheid tot onderrig oor afstand deur gebruik te maak van massageproduseerde kursusmateriaal wat aangebied word aan 'n massamark. In teenstelling hiermee plaas oop afstandsleer klem op die spesifieke behoeftes van studente en/of markte deur plaaslike vereistes en verskille te erken, in plaas daarvan om 'n voorafverpakte kurrikulum af te lewer. Met oop afstandsleer verskuif die fokus

van massaproduksie en massagebruik na 'n fokus op plaaslike en individuele behoeftes (Edwards, 1995; G. Picciano, 2000).

'n Belangrike aspek van oop afstandsl eer as aflewering s metode is die daarstel van kontakgeleenthede tussen studente en fasiliteerders of dosente (Garrison & Vaughan, 2008). Volgens Moore en Kearsley (2004) bevat oop afstandsl eer die volgende twee eienskappe: (i) studente kan inskryf indien hulle aan toelatingsvereistes voldoen, en (ii) studente kan enige tyd en op enige plek met 'n kursus begin. Nog 'n eienskap van oop afstandsl eer mag wees dat studente self hulle kurrikulum kan vasstel volgens krediete en dat daar nie vaste kurrikulumprogramme gevolg word nie.

Oop afstandsl eer voorsien gulde geleenthede aan ontwikkelende lande soos Suid-Afrika en ander Afrikalande om hulle nasionale opvoedkundige doelwitte te bereik. Volgens UNESCO (2002) is die toename in belangstelling in oop afstandsl eer hoofsaaklik toe te skryf aan die invloed van twee faktore:

- Die groeiende behoefte aan volgehoue heropleiding en verbetering van vaardighede; en
- die ongeëwenaarde tegnologiese ontwikkeling en innovering in kommunikasie wat dit moontlik maak om programme oor 'n afstand te onderrig waar studente te eniger tyd kan inskryf wat aan die toelatingsvereistes voldoen.

Die toenemende behoeftes aan heropleiding vanuit die praktyk asook die "oop" sisteem vir programaanbieding stel unieke eise aan die bestuur van opleidingsinstellings om deurlopende opleiding van hoë gehalte te verseker. Hierdie studie beoog om 'n toepaslike bestuursmodel vir die verskaffing van oop afstandsonderrig aan 'n tersiêre instansie voor te stel.

1.2.3 Oop afstandsl eer aan die NWU

Soos reeds onder die *probleemstelling, konteks en motivering* (par. 1.1) aangedui, is een van die grootste uitdagings in Suid-Afrika die groot getal ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde onderwysers werksaam in die Departement van Basiese Onderwys (Pandor, 2004 aanlyn; Van Zyl & Spamer, 2010). Aangesien hierdie ongekwalifiseerde en ondergekwalifiseerde onderwysers meestal by skole in landelike gebiede werksaam is, is oop afstandsl eer die gepaste wyse om dié onderwysers te bereik vir professionele ontwikkeling. Dié metode van aflewering maak 'n toepaslike en effektiewe bestuursmodel noodsaaklik vir

die verskaffing van opleidingsprogramme van hoë gehalte.

Verskeie afleweringstipes is met wisselende sukses vanaf die ontstaan van die SVO gevolg. Die grootste uitdaging was om 'n afleweringstipe te ontwikkel wat ook in die afgeleë platteland of landelike gebiede met sukses toegepas kan word. Vanaf 2005 is 'n geïntegreerde afleweringstipe geïmplementeer wat kontakklasse, vakansieskole, internettoegang en minibiblioteke by studiesentra ingesluit het.

Die SVO het deur dieselfde fases (A-C) van ontwikkeling gegaan wat deur UNESCO (2002) beskryf word (par.1.2.1), maar in die vierde fase (D) het die onderrigklem in die SVO na persoonlike kontak (kontakklasse) verskuif, i.p.v. internetgebaseerde stelsels, hoofsaaklik weens die beperkte internettoegang van studente in landelike gebiede (Blignaut & Els, 2009; Law, Pelgrum, & Plomp, 2008). Die SVO het wel rekenaars met internettoegang by studiesentrums beskikbaar gestel vir studente om internetsoektogte uit te voer en elektroniese databasisse gedurende hulle studies te kan gebruik. In 'n ontwikkelende land soos Suid-Afrika is volwaardige, webgebaseerde e-leer steeds nie haalbaar nie weens beperkte toegang tot rekenaars, die internet en die voorkoms van rekenaarongeletterdheid. Daar is egter 'n toename in die gebruik van rekenaars en die internet onder die SVO se studente.

Hierdie verskuiwing van die klem op die aanbod van kontakklasse (ontwikkelingsfase D) is dus van kardinale belang as onderrig- en leerkomponent van die SVO se afleweringstipe van oop afstandslere en vorm derhalwe 'n belangrike deel van die beoogde bestuursmodel. Vandaar die navorsing se spesifieke fokus op kontakklasse en e-leer.

1.2.4 Kontakklasse as kernaspek van oop afstandslere

Kontakklasse word tweemaal per maand vir ses maande aangebied, en dan is daar ook twee vakansieskole wat individuele sowel as groepsbesprekings behels. Vanaf 2005 is persoonlike kontakklasse toenemend gekombineer met tegnologie, o.a. *short message service (SMS)*, DVD's (digitale videodiskette), internettoegang by studiesentrums en die mees onlangse ontwikkeling, nl. interaktiewe werkbord. Die oop afleweringstipe van afstandsonderrig soos deur die SVO geïmplementeer, impliseer dat studente 'n minimum sowel as 'n maksimum duur van studie gebied word, 'n bepaalde aantal eksamen geleentheid het om van te kies en die

geleentheid om enige tyd van die jaar in te skryf. Hierdie wyse van oop afstandsl eer word onder andere deur Peters (2000) beskryf en behels vier substelsels:

- Interaktiewe materiaal wat op die studente fokus;
- proaktiewe studenteondersteuning en advies;
- navorsing en refleksie; en
- effektiewe logistiek.

Om hierdie wyse van oop afstandsl eer in werking te kon stel, is 36 studiesentra in Suid-Afrika en Namibië gevestig. Die sukses van die SVO se afleweringswyse vir oop afstandsl eer word hoofsaaklik gestaaf deur die akademiese prestasie in modules waarin eksamen geskryf is, wat verbeter het vanaf minder as 50% in 2003 tot meer as 75% in 2010. 'n Kernvraag wat in hierdie navorsing van toepassing is, is of akademiese prestasie toegeskryf kan word aan die aantal kontakklasse wat landswyd aangebied word. In samehang met die gestelde kernvraag, is daar die vraag of die benutting van opgeleide fasiliteerders, veral in afgeleë plattelandse en landelike gebiede, 'n invloed op die akademiese prestasie van studente het. Bywoningsregisters in 'n steekproef toon dat min studente kontakklasse bywoon in verskillende Gevorderde Onderwysertifikaat-programme (GOS-programme) (Van Zyl & Spamer, 2010).

Algemene vrae wat in hierdie verband ontstaan, sluit in: Indien min studente kontakklasse bywoon en nogtans hulle modules slaag, is kontakklasse werklik nodig? Woon studente wat self vir hulle studies betaal meer kontakklasse by as studente wat beurse ontvang het? Hoe gereed is die SVO se studente vir e-leer? Hoe vergelyk die SVO se huidige bestuursmodel van oop afstandsl eer met bestuursmodelle vir oop afstandsl eer in ontwikkelende en ontwikkelde lande? Antwoorde op voorvermelde vrae staan in noue verband met die aard en omvang van 'n situasiespesifieke bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die NWU.

Die Noordwes-Universiteit het besluit om twee uiteenlopende wyses van aanbieding (opkampus en oop afstandsl eer) vir dieselfde programme te gebruik (kyk par. 1.2.3). Volgens die literatuur (C.C. Markides & Oyon, 2010) staan die benadering bekend as 'n "*disruptive business model*" ook "*dual mode*" en kan groot risiko's vir inrigtings inhou indien dit nie effektief bestuur word nie. Tot en met die ontstaan van die SVO het die Noordwes-Universiteit slegs 'n voltydse opkampus-afleweringswyse bedryf (dus 'n

enkelmodusuniversiteit of enkelmodus van aflewering) maar beplan nou ook om volgens strategiese prioriteit 'n volwaardige wyse van aflewering gebaseer op oop afstandsl eer vir ander kwalifikasies behalwe Opvoedkunde van stapel te stuur (dus om in 'n volwaardige dubbelmodusuniversiteit te ontwikkel). Hierdie ontwikkeling by die NWU is in ooreenstemming met die snelle toename en groei van afstandsonderwys as 'n metode vir die verkryging en verbetering van naskoolse kwalifikasies as 'n globale verskynsel wat onder andere deur Collis (2002) bevestig word.

Vanuit bogenoemde blyk dit duidelik dat daar 'n behoefte is aan 'n situasiespesifieke *Bestuursmodel vir Oop Afstandsl eer* ten opsigte van bedryfs- en besigheidsaspekte.

1.2.5 'n Bestuursmodel vir oop afstandsl eer

Buiten die rol wat kontakklasaanbieding en e-leer in oop afstandsl eer speel, rig die nuwe strategiese prioriteit van die Noordwes-Universiteit om afstandsonderwys te bevorder 'n uitdaging aan die SVO, nl. om 'n innoverende bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die Noordwes-Universiteit daar te stel. Hierdie uitdaging is in ooreenstemming met die standpunt van Copenhagen (2000) dat instellings moet aanpas by die strategiese behoeftes van die mark deur toepaslike bedryfsstrukture en -prosesse daar te stel om organisasiebevoegdheid ("*organisational competency*") asook 'n mededingende voordeel ("*competitive advantage*") te verseker. Die belangrikheid van 'n effektiewe bestuursmodel vir organisasies word beklemtoon deur Madison (2005), wat 85% van organisatoriese probleme toeskryf aan bestuurstrukture en -prosesse en slegs 15% aan menslike faktore.

Die teoretiese vertrekpunt vir 'n bestuursmodel vir die doel van hierdie studie is in ooreenstemming met die beskouinge van Bush (2003) en Van der Westhuizen (2010). Bush (2003) sê dat onderwysbestuur nou saamhang met die operasionele bestuurshandelinge in opvoedkundige instellings wat voortspruit en sterk verbind is aan duidelike en rigtinggewende opvoedkundige doelstellings. Van der Westhuizen (2010) verskaf 'n diepgaande en omvattende begroning van onderwysbestuur waarin die outeur onderwysbestuur nie net as deel van die onderrig-leer-handelinge ("*interna*") beskou nie, maar ook sê dat effektiewe onderrig-leer veral afhanklik is van spesifieke handelinge op die "*externa*"-vlak, waarvan bestuurshandelinge 'n belangrike deel uitmaak. Voorgenoemde beskouinge van erkende onderwysbestuurkundiges ondersteun dat 'n toepaslike bestuursmodel aan die NWU

daargestel moet word om effektiewe onderrig-leer deur middel van 'n oop afstandslernodus te verseker.

Die woordeboekbetekenis van *model* dui op die voorstelling van 'n verskynsel op 'n kleinere skaal as teoretiese verwysingsraamwerk (Odendal & Gouws, 2010). 'n Bestuursmodel kan verstaan word as 'n voorstelling van organisatoriese strukture, die plasing van funksionariese met gepaardgaande en toepaslike taakverdelings wat 'n aanduiding verskaf van wie doen wát en van wie rapporteer aan wié, en wat dien as implementeringstrategie om organisatoriese doelwitte te bereik (DuBrin, 2009). DuBrin (2009) verskaf die volgende sleutelfaktore vir die daarstel van 'n bestuursmodel wat van waarde kan wees vir die ontwikkeling van 'n toepaslike bestuursmodel vir die NWU: strategie en doelstellings, tegnologie, omvang van betrokkenheid, finansiële implikasies en markbehoefes.

Bush (2003) beskryf verder ses bestuursmodelle wat kan dien as 'n "*conceptual toolkit*" en verleen waardevolle insig vir 'n perspektief op die bestuur van opvoedkundige instellings. Davis (1996), Holman (2000) en Bush (2003) stel dit egter onomwonde dat 'n enkele bestuursbenadering ontoereikend is om 'n geheelbeeld van 'n bestuursmodel vir opvoedkundige instellings te verskaf. Vervolgens beveel Bush (2003) aan dat bestuurders 'n meer pragmatiese benadering van "*conceptual pluralism*" ten opsigte van bestuursmodelle moet oorweeg om sodoende 'n eendimensionele perspektief of "*one-size-fits-all*"-benadering te vermy. Die navorser sluit by die pragmatiese siening van Bush (2003) aan en derhalwe is 'n uitgebreide literatuurondersoek gedoen aangaande beste praktyke van bestuursmodelle in ontwikkelende sowel as ontwikkelde lande.

Reeds meer as 'n dekade gelede sê Davis (1996) dat daar min navorsing gedoen is oor die implikasies wat 'n afleweringstipe van oop afstandslern vir die bestuur daarvan inhou. 'n Literatuuroorsig toon dat hierdie stand van sake steeds geldig is. Opvallend is dat Davis (1996) so lank gelede reeds meld dat die literatuur oor paradigmas en modelle aangaande oop afstandslern te beperkend is om die komplekse interaksies wat met oop afstandslern geassosieer word te beskryf of te ondersoek, en beveel hy vervolgens navorsing aan vir riglyne aan bestuurders van instellings wat oop afstandslern bedryf. Holman (2000) moedig onderwysbestuurders in dié verband aan om hulle bestaande bestuurspraktyke indringend te hersien en te verbeter. Bush (2003) asook Garrison en Vaughan (2008) beveel soortgelyke navorsing aan wat 'n diepgaande analise van die bestuur van 'n onderwysinstelling insluit ten einde 'n geheelbeeld van die bestuurshandelinge te verkry.

As verdere teoretiese begroning vir die ontwikkeling van 'n bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die Noordwes-Universiteit word ook gesteun op die sogenaamde *innovasie van besigheidsmodelle (Business Model Innovations (BMI))* (Chesbrough & Rosenbloom, 2002). Veral die vlakke waarop hierdie ontwikkeling moet geskied, word volledig beskryf, ontleed en geïmplementeer (Miner, 2010). 'n Effektiewe organisasiestruktuur en -funksies word in dié verband as onontbeerlik vir innovasie-inisiatiewe beskou (Copenhagen, 2000). Ondersoek word ook gedoen na die model van Compara (2003), wat 'n administratiewe en bestuursmodel vir afstandsl eer in 'n spesifieke konteks ontwikkel het.

Aangesien organisasiestrukture afhanklik is van die aard van die organisatoriese funksies (Tidd & Bessant, 2009) was die hoofdoelwit van hierdie studie om 'n bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die Noordwes-Universiteit daar te stel wat onder andere gegrond is op voorgenoemde literatuurverwysings as teoretiese basis. Soortgelyke modelle bestaan nie in Suid-Afrika nie. Die Universiteit van Kaapstad beskik wel oor 'n *Centre for Higher Education Development (CHED)* met een komponent wat bekend staan as die *Centre for Open Distance Learning*, maar bied hoofsaaklik vakansieskole en kort kursusse aan. Die universiteit van die Vrystaat het in 2011 begin met 'n Skool vir Oop Leer, maar dit staan nog in sy beginfase. Hierdie studie is dus 'n eerste van sy soort wat met groot vrug ook deur ander universiteite gebruik kan word.

Navorsing wat vanaf 2007 tot 2009 gedoen is in 65 instellings wat 'n sogenaamde "*dual business model*" gevolg het (C.C. Markides & Oyon, 2010), het aangetoon dat enige instelling wat 'n nuwe terrein wil betree, soos wat die Noordwes-Universiteit nou wil doen, vyf kernvrae moet ondersoek. Die vyf kernaspekte van Markides en Oyon (2010) dien as teoretiese raamwerk vir hierdie studie.

- Die eerste aspek van ondersoek verwys daarna of 'n bestaande instelling 'n nuwe model moet implementeer en of voldoende kapasiteit in al die vlakke van die organisasie bestaan.
- Die tweede vraag wat ondersoek moet word, is of die bestaande model net so, of gedeeltelike gebruik kan word, en of 'n totaal nuwe model vereis word. 'n Belangrike faktor wat met hierdie besluit in ag geneem moet word, is hoe aggressief bestuur 'n nuwe rigting of instelling wil bedryf. Ook moet bestuur die vraag vra waarom die kliënte in 'n nuwe bedeling anders benader moet word.

- 'n Derde vraag wat gevra moet word, en van toepassing op hierdie studie is waar 'n nuwe eenheid vir oop afstandslereer gevestig moet word, is of die bestaande bestuursmodel slegs aangepas moet word by die bestuursmodel van die moedermaatskappy, en of 'n totaal nuwe bestuursmodel ontwerp moet word. Kompetisie tussen die bestaande en die nuwe entiteite moet ten alle koste vermy word (C.M. Christensen, 2011).
- Die vierde vraag wat aldus Markides en Oyon (2010) gevra moet word as 'n besigheid (of universiteit) sou besluit om 'n nuwe bestuursmodel langs die bestaande model te ontwikkel, is hoe verskillend die nuwe model vergeleke met die bestaande model moet wees wat betref organisatoriese bedryf. Gulati en Garino (2000) stel voor dat daar gekyk moet word na wat vir beide modelle kan werk en wat nuut ontwikkel moet word. Wat egter belangrik is, is dat die nuwe instelling of eenheid sy eie strategieë, kultuur en prosesse moet ontwikkel wat nie inmeng met die van die moedermaatskappy nie. Volgens Markides en Oyon (2010), moet die onderskeid tussen 'n nuwe instelling en 'n bestaande moederinstelling veral op vyf terreine konsentreer: ligging, naam van eenheid, gelykheidsverdeling t.o.v. finansies, ontwikkeling van eie waardes en organisasiestrukture.
- Die vyfde en laaste vraag wat gevra moet word wanneer 'n nuwe instelling vanuit 'n bestaande moedermaatskappy ontwikkel word (soos die nuwe eenheid wat vir oop afstandslereer aan die Noordwes-Universiteit oorweeg word), is wat is die unieke uitdagings om twee modelle (oue en nuwe) suksesvol te implementeer. Volgens Markides en Charitou (2004) het navorsing bevind dat waar 'n nuwe eenheid uit 'n bestaande instelling ontwikkel het, het dié wat suksesvol was meer operasionele outonomie gehad as die wat onsuksesvol was. Ook is bevind dat 'n nuwe eenheid vryheid van bedryf moet hê, maar binne die beleid van die moedermaatskappy.

1.2.6 Samevatting

Na aanleiding van die voorgaande literatuurbeskrywing en beredenering word die volgende teoretiese raamwerk vir die studie in die vooruitsig gestel. Die vertrekpunt vir die raamwerk is die implikasies van kontakklasse en gereedheid vir e-leer om die voorsiene bestuurafdelings van onderrig-leer, navorsing, ondersteuning, fasilitering, finansies en infrastruktuur asook inligtingstechnologie en e-leer as deel van 'n bestuursmodel vir 'n onafhanklike eenheid vir oop afstandslereer aan die NWU daar te stel.

Tabel 1.1 Kernvrae en sleutelaspekte

Konseptualisering (DuBrin, 2009)	
<p>’n Bestuursmodel word beskou as ’n voorstelling van organisasiestrukture, die plasing van funksionariese, met gepaardgaande taakverdelings wat ’n aanduiding verskaf van wie doen wat, wie rapporteer aan wie; die model dien as implementeringstrategie om organisatoriese doelwitte te bereik.</p>	
Kernvrae (C.C. Markides & Oyon, 2010)	Sleutelaspekte (DuBrin, 2009)
<ul style="list-style-type: none">• Wat is die rasionaal vir ’n model en die kapasiteit van die organisasie?• Word die bestaande model gebruik of moet ’n nuwe model ontwikkel word? Hoe moet die model bedryf word?• Watter aanpassings moet gedoen word? Kompetisie met die moedermaatskappy moet vermy word.• Wat is die aard van die nuwe model ten opsigte van organisatoriese bedryf?• Wat is die unieke uitdagings vir die implementering van die nuwe model?	<ul style="list-style-type: none">• Bepaal die doelstellings en strategie vir implementering• Bepaal die tegnologiese behoeftes en moontlikhede• Bepaal die omvang van betrokkenheid• Bepaal die finansiële implikasies• Bepaal die markbehoefte

1.2.7 Navorsingsvrae

Die hoofnavorsingsvraag vir hierdie studie is vervolgens: *Watter wetenskaplik begronde bestuursmodel vir oop afstandslereer kan aan die Noordwes-Universiteit ontwikkel word volgens bestaande bestuursmodelle soos gekonseptualiseer in die literatuur en die empiriese bevindinge van hierdie studie?* Die hoofnavorsingsvraag is in die volgende navorsingsvrae en subvrae verdeel om die fokus van die studie duidelik af te baken:

Navorsingsvraag 1

Hoe word afstandsonderwys, oop afstandslereer, kontakklasse en e-leer in die literatuur gekonseptualiseer?

Navorsingsvraag 2

Wat behels oop afstandsl eer in ontwikkelende en ontwikkelde lande ten opsigte van kontakklasse en e-leer om sodoende beste praktyke vir 'n toepaslike bestuursmodel te bepaal?

Navorsingsvraag 3

Wat is die aard van bestuursmodelle met spesifieke verwysing na die innovasie van bedryf- en besigheidsmoedelle in die konteks van oop afstandsl eer?

Navorsingsvraag 4

Wat is die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van oop afstandsl eerstudente binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat- (GOS-) programme? Hierdie navorsingsvraag is verfyn tot die volgende vier subvrae:

Subvraag 4.1

Kan daar kwantitatief bepaal word of studente wat self vir hul studies betaal kontakklasse meer gereeld bywoon as studente wat beurse ontvang?

Subvraag 4.2

Kan daar kwantitatief bepaal word of die kontakklasbywoning en eksamenuitslae van studente wat by die Potchefstroomse kontaksentrum klas ontvang verskil van studente wat by landelike kontaksentrum s klas ontvang?

Subvraag 4.3

Kan die verband tussen kontakklasbywoning en die akademiese prestasie van studente wat gedurende Oktober 2008 in 11 GOS-programme in die Noordwesprovinsie eksamen afgelê het, kwantitatief ondersoek word?

Subvraag 4.4

Kan die verband tussen kontakklasbywoning en die akademiese prestasie van studente wat gedurende Oktober 2009 in 4 GOS-programme landswyd eksamen afgelê het, kwantitatief ondersoek word?

Navorsingsvraag 5

Wat is studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in vier GOS-programme?

Navorsingsvraag 5 is verfyn tot die volgende subvrae:

Subvraag 5.1

Kan studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in vier GOS-programme kwantitatief ondersoek word?

Subvraag 5.2

Kan studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in vier GOS-programme kwalitatief ondersoek word?

Navorsingsvraag 6

Wat is oop afstandslereudente se gereedheid vir e-leer binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) programme?

Navorsingsvraag 6 is verfyn tot die volgende subvrae

Subvraag 6.1

Kan studente se gereedheid vir e-leer kwantitatief bepaal word?

Subvraag 6.2

Kan die verband tussen oop afstandslere as studente se voorkeurmetode om te studeer en die veranderlikes van e-leer kwantitatief verken word?

Subvraag 6.3

Kan die verband tussen mate van gemak waarmee studente tegnologie gebruik en hulle positiewe houding teenoor die implementering van e-leer kwantitatief bepaal word?

Subvraag 6.4

Kan studente se gereedheid vir e-leer kwalitatief ondersoek word?

Navorsingsvraag 7

Wat is die menings van bestuurskundiges verbonde aan die NWU rakende die komponente en bedryf van 'n OAL model aan die NWU?

1.3 Navorsingsdoelwitte

Die navorsingsdoel van hierdie studie is: *Om 'n bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die Noordwes-Universiteit te ontwikkel volgens bestaande bestuursmodelle soos gekonseptualiseer in die literatuur en die empiriese bevindinge van hierdie studie.* Die navorsingsdoel is in die volgende navorsingsdoelwitte en subdoelwitte verdeel om die fokus van die navorsing duideliker te stel:

Navorsingsdoelwit 1

Om te bepaal hoe afstandsonderwys, oop afstandsl eer, kontakklasse en e-leer in die literatuur gekonseptualiseer word

Navorsingsdoelwit 2

Om oop afstandsl eer in ontwikkelde en ontwikkelende lande ten opsigte van kontakklasse en e-leer te vergelyk om sodoende beste praktyke vir 'n toepaslike bestuursmodel te bepaal

Navorsingsdoelwit 3

Om vanuit die literatuur die aard van bestuursmodelle te bepaal, met spesifieke verwysing na die innovasie van bedryfs- en besigheidsmoedelle in die konteks van oop afstandsl eer

Navorsingsdoelwit 4

Om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van oop afstandslereudente binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat- (GOS-) programme te ondersoek. Voortspruitend uit die doelwit is die volgende subdoelwitte ondersoek:

Subdoelwit 4.1

Om te bepaal of studente wat self vir hul studies betaal kontakklasse meer gereeld bywoon as studente wat beurse ontvang

Subdoelwit 4.2

Om te bepaal of kontakklasbywoning en eksamenuitslae van studente wat by die Potchefstroomse kontaksentrum klasse ontvang, verskil van studente wat by landelike kontaksentrums klasse ontvang

Navorsingsdoelwit 5

Om oop afstandslereudente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in geselekteerde GOS-programme te ondersoek.

Navorsingsdoelwit 6

Om oop afstandslereudente se gereedheid vir e-leer binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat- (GOS-) programme te ondersoek.

Navorsingsdoelwit 7

Om die menings van bestuurskundiges verbonde aan die NWU rakende die komponente en bedryf van 'n OAL-model aan die NWU te ondersoek.

1.4 Navorsingsontwerp en -metodologie

1.4.1 Inleiding

Die hoofdoel van hierdie studie is om 'n wetenskaplik begonde bestuursmodel vir oop afstandslereer aan die Noordwes-Universiteit te ontwikkel volgens bestaande bestuursmodelle soos gekonseptualiseer in die literatuur, asook gegrond op die empiriese bevindinge van hierdie studie. Die onderrig-leerproses by afstandsonderrig, wat hoofsaaklik kontakklasse en die aanbied van studiemateriaal deur middel van e-leer behels, is 'n verdere belangrike aspek wat empiries in hierdie studie ondersoek word om die nodige wetenskaplike bewyse in te samel oor hoe die akademiese onderrig van 'n bestuursmodel vir oop afstandslereer daar moet uitsien (fases een tot vier, par. 5.4).

1.4.2 Empiriese ondersoek

1.4.2.1 Literatuurstudie

Verskillende databasisse, insluitende EBSCOHost, Sabinet en SA-e-Publications is gebruik om relevante literatuursoektogte uit te voer op die gebied van afstandsonderrig, oop afstandslereer (kontakklasse, uitdagings en e-leer) om sodoende doelwitte te hanteer. Daar is ook d.m.v. die NWU se interbiblioteekdienste relevante nagraadse studies op die gebied aangevra. Vir doelwitte twee, drie en sewe is die aard van bestuursmodelle vir oop afstandslereer met spesifieke verwysing na besigheidsmodelle aan verskillende universiteite in ontwikkelende en ontwikkelde lande ondersoek met die doel om beste praktyke vir 'n bestuursmodel vir oop afstandslereer aan die NWU te vestig. Die Engelse ekwivalente van die volgende trefwoorde is onder andere gebruik: afstandsonderrig, oop afstandslereer, bestuursmodel, besigheidsmodel, innovasie, kontakklasse, e-leer en akademiese prestasie/prestasie.

1.4.2.2 Navorsingparadigmas, navorsingsontwerp en respondente

in Opeenvolgend Ontwikkelende Navorsingsontwerp ("Fully mixed sequential equal status design") (R. B. Johnson & Onwuegbuzie, 2004; Leech & Onwuegbuzie, 2009; A.J Onwuegbuzie & Leech, 2005), asook die multimetode-navorsingsmetodologie (kwantitatief en kwalitatief) is in hierdie studie gebruik (par. 5.2). Vir die doel van hierdie studie is 'n gekombineerde metode van beide kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsontwerpe en -

metodes benut om relevante data in te samel. Deur kwantitatiewe en kwalitatiewe data in te samel, is beide kwantitatiewe data en gefokusde kontekssensitiewe kwalitatiewe data verkry wat die dataontledings verryk. Die empiriese ondersoek is in vyf fases uitgevoer, waarvan die eerste drie fases kwantitatief en die vierde en vyfde fase kwalitatief was. Die empiriese ondersoek het ontwikkel in en deur verskillende fases na gelang die data van 'n spesifieke fase aanleiding gegee het tot die volgende fase (Hoofstuk 5). Met fases 1-4 is navorsingsdoelwitte 4-6 hanteer (bl.17-18). Die doel van die eerste twee fases is om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van studente in geselekteerde GOS-programme te bepaal (navorsingsdoelwit 4), asook om die nodige beskrywende statistiek vir hierdie fases te bereken. Die rasionaal vir die fokus op GOS-studente was omdat dié program oor die grootste hoeveelheid ingeskrewe studente beskik.

Die doel van die derde fase is om studente se ervarings, probleme en houdings teenoor kontakklasse deur middel van 'n vraelys te bepaal asook hul gereedheid vir e-leer (doelwit 5-6). Die eerste drie fases word deur 'n kwantitatiewe metodologie beskryf en word hoofsaaklik deur die radikaal strukturalistiese paradigma begrond. Radikale strukturalisme verken die samelewing vanuit 'n objektiewe perspektief, waar ooreenkomste, teenstrydighede en verbande tussen verskynsels ondersoek word (Burrell & Morgan, 1979; Leedy & Ormrod, 2010; Wiersma & Jurs, 2008). Die vierde fase van die empiriese ondersoek behels fokusgroeponderhoude met studente wat kontakklasse bygewoon het, asook studente wat nie kontakklasse bygewoon het nie as individuele onderhoude wat gegrond is in die interpretivistiese paradigma. Fase 5 van die empiriese ondersoek het individuele onderhoude met senior bestuurslede van die NWU behels. Hierdie inligting is ook gebruik vir om die hoofnavorsingsdoel van hierdie studie te bereik, aangesien die navorsingsmetode subjektief kwalitatief van aard is (Burrell & Morgan, 1979; Wiersma & Jurs, 2008).

Kwantitatiewe metode

Fase 1

Fase 1 is gerig op navorsingsdoelwit 4, naamlik om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van oop afstandsleerstudente binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat- (GOS-) programme te ondersoek. Die studiepopulasie van fase een bestaan uit studente van die Noordwesprovinsie. Data van die volgende studente (N = 288) wat gedurende Oktober 2008 in die genoemde GOS-programme eksamen afgelê het, is ontleed:

- *Nie-Beursstudente*: Geografie, Engelsonderwys, Leerderondersteuning, Wiskunde-onderwys, Grondslagfase, Intermediêre en Senior Fase, Lewensoriëntering, Onderwysbestuur, Setswanaonderwys (n = 85).
- *Beursstudente*: Wiskundige Geletterdheid, en Skoolbestuur en -Leierskap (n = 203).

Die motivering waarom daar gedifferensieer is tussen beursstudente en nie-beursstudente was om te bepaal of studente wat self vir hulle studies betaal kontakklasse meer gereeld bywoon as die studente wie se studies finansiëel (deur beurse) ondersteun word (kyk Hoofstuk 5). Daar is ook 'n onderskeid getref tussen studente se eksamensentrums, met spesifieke verwysing na die kontakklasse wat hulle bygewoon het by die hoofsentrum (Potchefstroom) en landelike sentrums. Die doel hiervan was om te bepaal of studente wat kontakklasse by die NWU (Potchefstroom) bywoon akademies beter presteer as studente wat klasse in landelike gebiede bywoon. Studente se inligting is vanaf die studenterekord-databasis van die NWU verkry en bykomende inligting, byvoorbeeld oor kontakklasbywoning, vakansieskoolbywoning en studiesentrums, is uit die SVO se bywoningregisters verkry.

Deur die berekening van korrelasiekoëffisiënte is hierdie data statisties ontleed om die bywoning van kontakklasse per module en program, die bywoning van vakansieskole, eksamensukses per module en program, en die akademiese prestasie (prestasie) van studente wat self betaal teenoor dié wat beurse ontvang, te ondersoek. Aangesien daar geen navorsing bestaan oor die effek van kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van studente wat oop afstandsl eerprogramme by die SVO volg nie, kon data van fase een die navorser in staat stel om die nodige inligting rakende onderrig-leer vir afstandsonderwys te identifiseer (navorsingsdoelwit 7).

Fase 2

Soos in die geval van fase een was die doel van fase twee om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie (prestasie) van oop afstandsl eerstudente binne geselekteerde GOS-programspesialiserings landswyd te ondersoek. Die deelnemers in fase twee se datastel verskil egter van fase een:

- Waar fase een slegs studente van die Noordwesprovinsie betrek, is in fase twee die data ondersoek van studente (deur die *Open Learning Group*-komponent bemark) wat oor al nege provinsies van Suid-Afrika versprei is.
- Die data van studente (modules geskryf) wat in Oktober 2009 eksamen in die genoemde GOS-programspesialiserings afgelê het, is ontleed: Wiskundige Onderwys (n = 1298), Leerderondersteuning (n = 1924), Grondslagfase (n = 1656) en Geografie (n = 53). Die effek van kontakklasbywoning op die eksamenuitslae in 'n totaal van 4931 modules is derhalwe ondersoek.

Die datastel van fase twee stel die navorser in staat om die nodige inligting rakende onderrig-leer vir afstandsonderwys te identifiseer (navorsingsdoelwit 4) en om 'n doelmatige bestuursmodel daar te stel wat gehalte- en koste-effektiewe kontakgeleentheid moontlik sal maak.

Fase 3

Met fase drie word doelwitte 5 en 6 ondersoek, naamlik om GOS-studente se ervarings, menings en houdings teenoor kontakklasse asook die studente se gereedheid vir e-leer deur middel van 'n kwantitatiewe wyse te bepaal. Van die belangrikste komponente insake onderrig en leer by oop afstandslere, soos vanuit die literatuur geïdentifiseer (hfst. 2), is kontakklasse en e-leer.

'n Kwantitatiewe vraelys is in samewerking met die NWU se Statistiese Konsultasiediens vir fase drie ontwikkel om die GOS-studente se ervarings, probleme en houdings teenoor kontakklasse asook hulle gereedheid vir e-leer te bepaal.

Behalwe vir demografiese inligting is die vraelys uit Likert-skaaltipe vrae oor kontakklasbywoning en hul gereedheid vir e-leer saamgestel. Die vraelys is saamgestel in ooreenstemming met soortgelyke vraelyste wat deur navorsers (DeVellis, 2003; Fowler, 1995) gebruik word. Kundiges, insluitende die NWU se Statistiese Konsultasiediens, is genader word om die vraelys te evalueer en nodige aanbevelings te maak ten einde die betroubaarheid en geldigheid daarvan te verhoog. Die deelnemers aan hierdie fase is 'n ewekansige groep van 100 studente wat geen kontakklasse bygewoon het nie, en 'n ewekansige groep van 100 studente wat kontakklasse bygewoon en hul modules geslaag het.

Data van fase drie stel die navorser in staat om na aanleiding van die unieke behoeftes, uitdagings en ervarings van oop afstandsléerstudente ten opsigte van kontakklasse asook hul gereedheid vir e-leer as metode van onderrig-leer 'n innoverende bestuurs- en bedryfsmodel vir 'n oop afstandsléereenheid te ontwikkel.

Kwalitatiewe metode

Fase 4

Fase vier is ook ondersteunend vir navorsingsdoelwitte 5 en 6, naamlik om oop afstandsléer-studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat- (GOS-) programme (navorsingsdoelwit 5) en hierdie studente se gereedheid vir e-leer binne geselekteerde GOS-programme te ondersoek deur middel van 'n analise van **kwalitatiewe data**. Die doel van die kwalitatiewe ondersoek, bykomend tot die kwantitatiewe ondersoek, was om meer diepgaande, persoonlike en eksplorerende inligting van die deelnemers te verkry (Tashakkori & Teddlie, 2003). Met hierdie fase is eerstens twee fokusgroeponderhoude (bestaande uit agt studente per groep) met GOS-studente op Potchefstroom gevoer asook fokusgroeponderhoude met die derde groep by Rustenburg in die Noordwesprovinsie. Oop vrae (volgens 'n fokusgroep- onderhoudskedule) is aan die studente in die twee fokusgroepe gestel.

Fase 5

Fase 5 het ten doel om die menings van bestuurskundiges verbonde aan die NWU rakende die komponente van bestuur en bedryf van 'n oop afstandsléermodel aan die NWU te verkry. Semi-gestruktureerde individuele onderhoude is met die visekanselier van die NWU, 'n bestuurspesialis van die institusionele kantoor, dekaan van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe en die direkteur van die SVO gevoer om geleentheid te bied vir die eksplorasié en uitklaring van response (Babbie, 2011). Die deelnemers is doelmatig gekies weens hulle kundigheid, ervaring en betrokkenheid by die beoogde totstandbrenging van 'n eenheid vir oop afstandsléer aan die NWU.

Die fokusgroep- en individuele onderhoude is met digitale opnemers opgeneem en getranskribeer en ontleed met behulp van Atlas.ti (kwalitatiewe data-analisesagteware). Fase 5 se data is gebruik om navorsingsdoelwit vii te ondersoek. Die data vanuit die

literatuur, die menings van die studente en senior bestuur word as voldoende geag vir die ontwikkeling van 'n bestuursmodel vir oop afstandsl eer aan die NWU.

1.4.2.3 Meetinstrument

Kwantitatiewe data

Om doelwit 4 te ondersoek het die navorser, onder leiding van kundiges, 'n vraelys ontwikkel om studente se demografiese inligting, ervarings, probleme met en houdings teenoor kontakklasse asook hulle gereedheid vir e-leer te ondersoek. Die vraelys is volgens 'n Likert-tipe skaal beantwoord.

Kwalitatiewe data

Aanvullend tot doelwit 4,5 en 6 is drie fokusgroeponderhoude met behulp van oop vrae volgens 'n fokusgroep-onderhoudskedule gevoer. Vier individuele onderhoude met bestuurskundiges verbonde aan die NWU is gevoer vir die bereiking van doelwit 7.

1.4.2.4 Data-analise

Kwantitatiewe data-analise

Die sagteware *SPSS® 16.0 for Windows* (SPSS, 2007) is gebruik vir alle statistiese analises. Met die analise van kwantitatiewe data is beskrywende statistiek, korrelasiekoëffisiënte (r-waardes), Chi-kwadraatwaardes (p-waardes) en Cohen se effekgrootte (d-waardes) bereken om statistiese en prakties betekenisvolle verbande en verskille tussen die veranderlikes te ondersoek (S. Ellis & Steyn, 2003). Die Statistiese Konsultasiedienste van die NWU het alle statistiese verwerkings behartig.

- Kwalitatiewe data analise

Vir fases vier en vyf is die kwalitatiewe data-analisesagteware Atlas.ti gebruik om 'n geïntegreerde datastel saam te stel en te ontleed.

1.4.2.5 Data-insamelingsprosedures

Kwantitatiewe data

Vir fases een en twee is data ingesamel wat op die studenterekorddatabasis beskikbaar is. Data is outomaties van die databasis in 'n Excel™-sigblad ingetrek vir statistiese analise. Vir fase drie is die geïdentifiseerde studente se adresse uit die studenterekordsisteem onttrek. 'n Inligtingsbrief en vraelys is aan die studente gepos waarin hulle versoek is om vrywillig deel te neem deur die vraelyste anoniem te voltooi en terug te pos. 'n Voorafbetaalde en geadresseerde koevert is by die vraelys aangeheg. Die data is in 'n Excel™-sigblad ingelees vir statistiese analise.

Kwalitatiewe data

Vir fase vier is vier en twintig studente deur middel van 'n gerieflikheidsseleksie vanuit die Noordwesprovinsie genooi vir drie fokusgroeponderhoude, een op Rustenburg en twee op Potchefstroom. 'n Fokusgroep-onderhoudskedule met oop vrae is gebruik. Daar is ook vier semi-gestruktureerde individuele onderhoude met bestuurskundiges van die NWU gehou. Die drie fokusgroeponderhoude en vier individuele onderhoude is met digitale opnemers opgeneem om later te transkribeer vir kwalitatiewe data-analise met behulp van die Atlas.ti sagtewareprogram.

1.4.2.6 Etiese aspekte

Die voorgeskrewe etiekaansoekvorm is voltooi om etiekmagtiging van die Etiekkomitee vir die ondersoek te verkry (Addendum A). Vir fases een en twee is studente se data van die studenterekorddatabasis getrek. Studente se name en studentennommers (identiteit) is uit die datastelle verwyder om anonimiteit te verseker en studente se identiteit te beskerm. Die datastelle is ontleed en geen individuele data is ontleed of gerapporteer nie. Vir fase drie is vraelyste aan geïdentifiseerde studente gepos. Ingeligte toestemming is van hierdie studente verkry om aan die ondersoek deel te neem. Hulle is versoek om die vraelyste vrywillig en anoniem te voltooi en terug te stuur. Die vraelys is deur 'n inligtingsbrief vergesel wat die doel van die vraelys beskryf en die deelnemers van vertroulikheid, vrywilligheid en onttrekking sonder benadeling verseker. Vir fase vier is studente wat aan die fokusgroeponderhoude deelneem asook die bestuurskundiges wat aan die individuele

onderhoude deelneem, versoek om vrywillig en anoniem deel te neem en 'n ingeligte toestemmingsbrief te onderteken wat aan die navorser toestemming verleen om hulle onderhouddata te ontleed en te rapporteer. Deelnemers is ingelig oor hulle regte en almal sal met respek hanteer word (Terre Blanche, Durrheim, & Painter, 2010).

1.5 Bydrae van die voorgestelde studie

1.5.1 Tot die NWU

Die belangrikste bydrae van hierdie studie tot die NWU kan soos volg saamgevat word:

- Data van kontakklasbywoning en e-leer het die navorser in staat gestel om 'n doelmatige en toepaslike bestuursmodel vir die SVO daar te stel om effektiewe onderrig-leer as deel van oop afstandsl eer te verseker.
- Situasiespesifieke inligting is bekom oor die belevinge van studente ten opsigte van kontaksessies en die implementering van onderrig- en leertegnologieë as belangrike deel van die aanbiedingswyse van oop afstandsl eer.
- Data wat verkry is, sal die NWU in staat stel om 'n eie bestuursmodel vir oop afstandsl eer te ontwikkel.

1.5.2 Tot die wetenskapterrein

Die belangrikste bydrae van hierdie studie tot die wetenskapterrein kan soos volg saamgevat word:

- Konseptualisering deur middel van 'n literatuurstudie oor afstandsonderwys, oop afstandsl eer, bestuursmodelle en spesifiek t.o.v. bedryfs- en besigheidsaspekte, kontakklasse, e-leer in oop afstandsl eer asook hindernisse en uitdagings by die aanbieding van afstandsonderwys.
- Empiriese bevindinge oor die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van oop afstandsl eerstudente en die implikasies daarvan op bedryfs- en besigheidsaspekte.
- Beide kwantitatiewe en kwalitatiewe bevindinge oor studente se ervarings, probleme en houdings teenoor kontakklasse en e-leer in afstandsonderwys om sodoende die

kwaliteit van kontakklasse te verbeter en bestuursbesluite rakende kontakklasse en e-leer te neem.

- Die daarstel van 'n bestuursmodel vir die aanbied van oop afstandsonderwys aan 'n hoërsonderwysinstansie.

Tabel 1.2 'n Samevatting van doelwitte, hoofstukindeling en uitkomst

NAVORSINGDOELWITTE	HOOFSTUK	HOOFSTUKUITKOMSTE
1. Om te bepaal hoe afstandsonderwys, oop afstandsl eer, kontakklasse en e-leer in die literatuur gekonseptualiseer word.	Hoofstuk 2	Met die bespeking van die verskillende terminologieë word toeligting gegee van hoe hierdie verskillende begrippe in hierdie studie gebruik sal word
2. Om oop afstandsl eer in ontwikkelende en ontwikkelde lande ten opsigte van kontakklasse en e-leer te vergelyk om sodoende beste praktyke vir 'n toepaslike bestuursmodel te bepaal.	Hoofstuk 2+3	Die toeligting van kontakklasse en e-leer vorm die basisliteratuur wat gebruik sal word om die empiriese ondersoek te verifieer. Met die ontleding van veral kontakklasse en e-leeraanbiedings by verskeie universiteite kan beproef word watter metodes van aanbieding gebruik kan word. Die inligting is gebruik as toeligting tot onderrig-leer by 'n bestuursmodel vir oop afstandsl eer.
3. Om vanuit die literatuur die aard van bestuursmodelle te bepaal, met spesifieke verwysing na die innovasie van bedryfs- en besigheidsmodelle in die konteks van oop afstandsl eer.	Hoofstuk 4	Die literatuur in hierdie hoofstuk is gebruik om die innovasie en implementering van besigheidsmodelle te begrond. Daarna is gekyk na modes van aflewering in 'n oop afstandsl eermodel, gevolg deur die komponente van 'n OAL-model. Uit hierdie data is verskeie modelle volgens 'n matriksanalise ontleed wat as basis vir 'n bestuursmodel in OAL kan dien, met spesifieke verwysing na die NWU. Ook is gekyk na strategiese komponente wat nodig is vir die aanbied van oop afstandsl eer.

NAVORSINGDOELWITTE	HOOFSTUK	HOOFSTUKUITKOMSTE
<p>4. Om die effek van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning op die akademiese prestasie van oop afstandsléerstudente te ondersoek asook.</p> <p>5. Om oop afstandsléer studente se menings en ervarings van kontakklasbywoning en nie-kontakklasbywoning in geselekteerde GOS-programme te ondersoek. Hoofstuk 5+6 Onderrig-leer by oop afstandsléer geskied hoofsaaklik deur kontak of e-leer. Die doel van die empiriese ondersoek was om te bepaal hoe studente die verskillende metodes van aanbieding ervaar, asook die rol daarvan in die toekoms en hul gereedheid t.o.v. e-leer. Die resultate is met die literatuur in Hoofstuk 2 en 3 vergelyk en is ook as rigtinggewend gesien van hoe die onderrig-en-leer-komponent binne 'n bestuursmodel aangewend kan word.</p> <p>6. Om oop afstandsléer studente se gereedheid vir e-leer binne geselekteerde Gevorderde Onderwysertifikaat (GOS) programme te ondersoek.</p> <p>7. Om die menings van bestuurskundiges verbonde aan die NWU rakende die komponente en bedryf van 'n OAL model aan die NWU te ondersoek.</p>	<p>Hoofstuk 5 + 6</p>	<p>Onderrig-leer by oop afstandsléer geskied hoofsaaklik deur kontak of e-leer. Die doel van die empiriese ondersoek was om te bepaal hoe studente die verskillende metodes van aanbieding ervaar, asook die rol daarvan in die toekoms en hul gereedheid t.o.v. e-leer. Die resultate is met die literatuur in Hoofstuk 2 en 3 vergelyk en is ook as rigtinggewend gesien van hoe die onderrig-en-leer-komponent binne 'n bestuursmodel aangewend kan word.</p> <p>Menings van studente is gebruik om die effek en probleme van kontakklasse te ontleed.</p> <p>Menings van studente is gebruik om te bepaal of hulle gereed is vir e-leer-klasaanbiedings en hoe dit in 'n OAL-model geïmplementeer moet word.</p> <p>Menings van bestuurskundiges ten opsigte van die komponente en bedryf van 'n OAL-model aan die NWU.</p>
<p>'n Bestuursmodel vir oop afstandsléer aan die Noordwes-Universiteit te ontwikkel.</p>	<p>Hoofstuk 7</p>	<p>Volgens die data soos verkry uit die literatuurstudie en empiriese ondersoek is 'n bestuursmodel vir oop afstandsléer aan die NWU voorgestel.</p>